

BOEKBESPREKING

J. van Melle: *Verspeelde Lente*. Nasionale Boekhandel, Kaapstad—Bloemfontein—Johannesburg, 1961. Prys R1.55, 179 bl.

By die lees van hierdie roman, wat 'n twintig jaar gelede onder 'n ander titel as vervolgreeks in „Die Huisgenoot” verskyn het, besef mens weer al te duidelik dat Van Melle een van ons beste prosaïste was. „Verspeelde Lente” is nie die gelyke van „Bart Nel” nie maar nogtans baie sterk aan lg. verwant. Dit gaan in „Verspeelde Lente” om „liefde, armoede, rykdom: die drie dinge”, soos Manie dit opsom teen die einde. Dit is 'n boek van doodgewone mense, dinge, gebeurtenisse en woorde. „Ewe doodgewoon” gesels die mense met mekaar, soos dit op een plek heet, of elders: „Nou en dan sê een van hulle iets, net maar gewone dinge”. Maar uit hierdie doodgewone wêreld met sy doodgewone dinge staan die wonderlike op. En volgens 'n bekende uitspraak in die literatuur is dit vir die romancier moeiliker om die wonderlike uit die doodgewone te bewerk as uit die fantastiese. Ewe doodgewoon is die mense, maar aan hulle word groot dinge voltrek. Aan die einde sien mens daar „iemand staan, 'n man — alleen, doodstil . . . 'n Oomblik lank is daar 'n ligte triestigheid in hom oor die lewe waarin jy soveel wat jy liefgekry het, weer verloor”. Daar is nog die tragiese gestalte van oom Joop, soos gesien deur die oë van 'n bediende (bl. 97), deur siekte onmagtig gemaak vir die lewe; of Lenie wat nie die ware ontroering ken nie, of Snyman: „'n Eenvoudige, ongeleerde man, arm daarby, en ongesien, 'n man wat afgesonder leef as bywoner op die plaas van 'n ryk man” maar wat sy verborge wysheid aan die mense uit sy omgewing kan meedeel as hy die geleentheid kry om 'n begrafnisdiens te lei. As nietige stippels beweeg hulle deur die weidse hoëveldlandskap waarin hulle tuishoort.

Ewe „doodgewoon” en „eenvoudig” is die roman ook in stilistiese opsig. Dis 'n boek van min woorde en baie stilte. So dikwels word van hierdie of daardie karakters gesê: „'n Tyd ry hulle in stilte”, „Toe sê geeneen van die twee 'n paar minute lank iets nie”, „Op pad terug praat die twee amper niks”, „'n Tydjie praat hy nie”, „Daar is weer 'n stilte”, „'n Ent ry hulle sonder om te praat”, „Toe swyg hulle weer”, „en sy is ook stil. Swygend ry hulle daar langs mekaar”, „Stil sit hulle langs mekaar”. Die hele roman is geskryf in kort, eintlik „kortaf” en nugter sinne. Tog is dit nie alles stilistiese verdienstelikheid nie. Mens kry soms die indruk dat die skrywer moeg word om te vertel van die verdere

verloop van sake en dan maar gerieflike epiese spronge doen. Daar is 'n paar sulke epiese spronge, meestal gesprong aan die einde van 'n hoofstuk. Die einde van so 'n hoofstuk vorm dan as 't ware 'n willekeurige nader geskewe wit lint wat die wedren plotseling beëindig (einde hfst. 9, 10), maar sulke spronge kom ook binne die hoofstukke voor (bv. in 10 en 13). 'n Ander gevaar wat Van Melle se nugtere en sobere styl bedreig, is dat dit te min stilistiese variasie toon en soms dor en vervelend word: „Hy kyk haar na. 'n Onaansienlike meisie. Hy kry haar jammer. Hy het wel gesien hoe die mense haar behandel met vriendelikeit en medelye. Daar gaan geen opbeuring of aantrekking van haar uit nie. Maar by hom het sy die bietjie stukrag en aantrekkingskrag wat sy het, gebruik. Hy kyk haar na, en sy draai haar kop nog 'n maal om. Sy wys hom duidelik hoe verlief sy is. Sy wys dit vir algar. Sy gee nie om nie. Sy wat altyd so skaam is, sy steur haar aan niks of niemand nie”. Op 'n enkele halwe bladsy het ek aangeteken: *Toe* het hy weer weggeroep . . . Hulle jongste kind was *toe* twee jaar oud . . . Sy was *toe* 'n frisgehoude vrou”. Só begin talle paragrawe: „So gesels hy/So sit hulle daar/So loop hy daar/So gaan die aand plesierig om/So sit hy/So word hul derde kind gebore/So ry hulle dan na Gert.”

Dit alles stil, eenvoudig en doodgewoon plaasvind, sluit nie die verrukking uit nie, opregte en gedempte verrukking, soos in die dertiende hoofstuk waar Pop en Manie na baie jare, selfs nadat hulle getroud is, „mekaar gekry het”, herhaal in die vyftiende. Miskien nog grootser is die „kort stondes van verrukking” wat Pop kry as sy die dood geduldig afwag en dink „aan al die goeie dinge wat God haar in haar lewe gegee het”, baie mooi beskryf as sy een nag „krom en inmekaargekrimp van die pyn, saggies deur die kamer heen en weer (loop)” in 'n „heerlike verrukking” van pyn en blydschap.

By die eenvoud van hierdie mense en by hulle soberheid pas ook hulle onvervalstheid en eerlikheid. Manie weier om vir sy eerste vrou te lieg en te sê dat hy haar net so lief het as vir Pop, wat hy eers nie kon kry nie, en hy weier om haar op haar sterfbed te beloof dat hy na haar dood nie met Pop sal gaan trou nie.

Mens moet Van Melle se karakters nie verlaag tot tipes van die landelike Afrikaner nie, tog kan mens nie anders nie as om te sê dat daar min Afrikaanse romans is wat so duidelik na die boerelewe ruik as hierdie boek met sy tipiese Afrikaanse aanspreekvorme, sy geselskap oor mielies, perdesiekte (en 'n fantastiese verklaring daarvan), koeie, bulle, die warm weer en — vlicë! Kanne koffie word deur die byna 200 bladsye opgedrink. En luister hoe hierdie mense praat:

„Dis regtig warm, oom”, sê hy vir Sagrys.

„Ja, dis regtig warm”.

„Ja, oom, dis alte warm”.

Of die volgende:

„Ek weet”, sê sy.

„Nou ja”.

„Maar darem”, sê sy.

P.U. vir C.H.O.

T. T. Cloete.

Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, drie-en-twintigste jaargang (1960), deel I. Die Staatsdrukker, 1961 (het in 1960 verskyn).

Die jongste deel van die Argief-jaarboek bevat net een werk, t.w. die doktrale proefskrif van J. J. N. Cloete, getiteld: *Die ontstaan en ontwikkeling van die munisipale bestuur en administrasie van Pretoria tot 1910*, saamgestel onder die promotorskap van prof. dr. E. F. W. Gey van Pittius, Universiteit van Pretoria.

Hierdie werk is in die eerste plek 'n proefskrif op die gebied van die staatswetenskap. Die skrywer het hom ten doel gestel en daaraan uitvoering gegee om die nadruk op die stedelike bestuur en administrasie van Pretoria te laat val, en wel in sy ontwikkeling tot 1910. In hierdie naspeuring van die ontwikkeling kom die skrywer dan in die tweede plek ook op suiwer historiese terrein en word die boek ook vir die geskiedenis van belang, veral vir ons kennis van die algemene en plaaslike konstitusionele geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Cloete behandel agtereenvolgens die aanleg van Pretoria en die ontwikkeling van die stadsgebied, die bestuur van die stad deur die landdros en munisipale konsessies, poginge om selfbestuur te verkry voor 1877, bestuursreëlins tydens die Britse besetting van Transvaal, die tydperk van die tydelike stadsbesture, die tydperk van militêre bestuur, die genomineerde stadsraad (1902) en die tydperk van die verkose stadsraad (1903—1910). In 'n deeglike ondersoek gee die skrywer 'n diepgaande ontleding van die faktore wat hierdie stedelike bestuursontwikkeling en die munisipale werksaamhede en dienste in verband daarmee beïnvloed (bevorder of vertraag) het, en werp hy, veral wat die republikeinse tydperk betref, nuwe lig op 'n besondere aspek van die konstitusionele geskiedenis van daardie tyd in sover dit die bestuur van dorpe deur die sentrale owerheid betref. Afgesien van die vanselfsprekende belangrikheid van hierdie werk vir die staatswetenskap (staatsadministrasie inbegrepe) is dit gevolglik ook vir die historikus 'n werk van belang, veral ook vanweë die bekendstelling van sekere dokumentêre gegewens waarmee die historikus in die gewone gang van sy navorsing nie altyd te doen kry nie.

Dr. Cloete het 'n groot aantal bronne geraadpleeg. Die gegewens

daaruit verkry het hy op oorspronklike wyse verwerk terwyl sy stellings en bewerings in die voetnote goed verantwoord word. Oor die algemeen is die werk tegnies goed versorg en het die skrywer hom van 'n goeie taal en styl bedien.

Die feit dat hierdie werk in die *Argief-jaarboek* opgeneem is, is op sigself al 'n bewys dat ons hier met 'n waardevolle studie te doen het, en ook hierdie uitgawe van die *Argief-jaarboek* handhaaf die hoë peil wat tot dusver deur die voriges gestel is.

P.U. vir C.H.O.

J. S. du Plessis.

Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, twee-en-twintigste jaargang (1959), deel II. Die Staatsdrukker, 1960.

In hierdie boekdeel is twee M.A.-verhandelinge gepubliseer, albei saamgestel onder leiding van prof. W. A. Maxwell van Rhodes-Universiteit, naamlik:

- (a) B. A. le Cordeur: *Robert Godlonton as Architect of Frontier Opinion, 1850—1857*, en
- (b) J. J. Breitenbach: *The development of the Secretaryship to the Government at the Cape of Good Hope under John Montagu, 1843—1852*.

(a) Le Cordeur stel ondersoek in na die vormingsaandeel in die openbare mening in die Oostelike Provinsie van Robert („Moral Bob”) Godlonton tussen die 1850 en 1857. Godlonton, wat in Maart 1820 as Britse setlaar na Suid-Afrika verhuis het, eers as boer 'n bestaan probeer maak het, daarna 'n staatsbetrekking aanvaar het en uiteindelik vanaf 1834 tot 1866 redakteur van die *Graham's Town Journal* was, terwyl hy ook vanaf 1850 lid van die Kaapse Wetgewende Raad en vanaf 1854 tot 1857 lid van die Kaapse Hoërhuis was, het inderdaad 'n uiters belangrike rol gespeel in die vorming van 'n eie openbare mening in die voorposgebiede van die Kaapkolonie, veral ten opsigte van naturellebeleid en probleme in verband daarmee, en die pogings tot verkryging van 'n afsonderlike regering vir die Oostelike Provinsie wat die setlaars kon regeer en beskerm.

Hierdie rol van Godlonton word op bekwame wyse deur die outeur beskrywe, ontleed en verklaar, en wel op grond van 'n beslis deeglike navorsing. Afgesien van sekondêre werke is veral ook gebruik gemaak van 'n groot hoeveelheid ongepubliseerde materiaal, sommige waarvan nou vir die eerste keer openbaar gemaak is, waaronder private stukke 'n baie belangrike plek inneem. Die opsporing, gebruik en bekwame aanwending van hierdie materiaal, tesame met die besonder mooi uiteensetting en analise, vlot en helder taal en styl en deeglike tegniese afwerking, maak

van hierdie werk beslis 'n belangrike bydrae tot ons Suid-Afrikaanse historiografie — wat nie altyd van 'n M.A.-verhandeling gesê kan word nie. Outeur en leier verdien besondere lof.

(b) Breitenbach lewer 'n belangrike bydrae tot ons kennis van die geskiedenis van die Kaapkolonie gedurende die eerste fase van die Britse bestuur, vóór verteenwoordigende regering aan die Kaap toegeken is. Deels is die werk van konstitusionele aard in sover die skrywer die pligte en verantwoordelikhede van die Kaapse koloniale sekretaris ondersoek, maar, en dit is belangrik, die outeur ondersoek ook veral hoe die bekende Kaapse koloniale sekretaris, John Montagu, tussen 1843 en 1852 hierdie amp beklee en hoe hy daardie pligte en verantwoordelikhede geïnterpreteer en uitgeoefen het, waardeur dan ook ander regeringsake uiteraard aangeroei word, o.a. in verband met die naturellevraagstuk en die vraagstuk van verdediging.

Breitenbach openbaar hom in hierdie werk as 'n knap navorser en skrywer. Sy ondersoek is gebaseer op 'n groot aantal bronne, hoofsaaklik van amptelike aard, welke gegewens op 'n heel oorspronklike wyse verwerk word. Montagu is nie maar net die gewone amptenaar wat sy daaglikse roetinepligte, aan sy amp verbonde, konsensieus uitoefen nie, maar hy tree in die verhandeling na vore as iemand met 'n eie persoonlikheid en inisiatief, wat deur middel van die wyse waarop hy sy amp beklee het 'n besliste invloed op Kaapse regeringsake en -beleid uitgeoefen het. Die goeie tegniese versorging van die werk maak 'n baie goeie indruk.

Die Publikasieafdeling van die Kantoor van die Hoofargivaris van Suid-Afrika het aan die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 'n weldaad bewys met die publikasie van hierdie twee baie verdienstelike verhandelinge.

P.U. vir C.H.O.

J. S. du Plessis.